*Dr Jurie Joubert*
*Departementshoof Geskiedenis*
*Onderwyskollege Boland*

# Sosiale vaardighede: empatie as voorbeeld

- *Dit is die identifisering van jouself met gevoelens of gesindhede van ander persone sodat jy ten volle kan verstaan wat in daardie persoon se gemoed/verstand aangaan.*
- *Wanneer jy empatie teenoor 'n persoon of 'n groep toon, identifiseer jy jouself met hom in so 'n mate dat jy sy/hul gevoelens en denke kan ervaar.*
- *Soms kan jy empatie toon sonder om noodwendig met hom of hulle saam te stem. ("Ek weet hoe jy voel en waarom jy so voel, maar ek stem glad nie met jou saam nie.")*

Kathleen Davies slaan die spyker op sy kop as sy beweer dat daar 'n groter bewuswording van die intellektuele ontwikkeling van die kind plaasvind en dat dit ons juis moet aanmoedig om die tradisionele historiese inhoude en metodes van Geskiedenisonderrig te verwerp.

Om verskeie redes is baie geskiedenisonderwysers nie werklik in staat om met die leerlinge se denkvermoë rekening te hou nie. Een rede hiervoor is juis omdat daar op grootskaal abstrakte verbale onderrigmetodes toegepas word, wat die leerling se vermoë om logies te redeneer, strem. Dit is mos so dat suksesvolle leer slegs kan plaasvind wanneer dit wat onderrig word, verband hou met die kind se vermoë om op verskillende wyses en vlakke te redeneer.

Die hoofdoel van Geskiedenisonderrig is nie net om menslike horisonne te verbreed nie, maar juis die ontwikkeling van begrip in menslike omstandighede. Dit sal kan aanleiding gee tot die ontsluiting en verruiming van die kennis en leefwêreld van die kind. So kan 'n kind persone en gebeurtenisse van 'n ander tyd en van 'n ander wêreld wat hy nie ken nie, sy "eie" maak.

Geskiedenis moet ook gesien word as die wyse waarop kennis bekom kan word eerder as die blote kennis alleen. Daarom beweer Blyth tereg, "What is meant by developing historical thinking in pupils is only really intelligible where the subject is seen as a discipline with a distinctive approach and procedures in dealing with past information."

Saam met die hantering van die historiese metode is historiese empatie (hierna net empatie) 'n baie belangrike woord in die onderrig van Geskiedenis. Indien 'n leerling empatie kan toon of dit beleef ten opsigte van 'n persoon of persone sal hy sekerlik baie meer waarde kan put uit die studie van die vak. Empatie help historici juis om die verlede te verstaan.

Interpretasie van historiese gebeurtenisse of bronne is die sleutel tot enige aanvaarbare historiese begrip. Dit kan slegs moontlik wees indien die interpretasie gebaseer is op feite. Interpretasie wat gebaseer is op verdigsels is egter van geen waarde nie.

Historiese vaardighede en die verwerwing en ontwikkeling daarvan is in die onderrig van geskiedenis, maar veral by die aanvoeling van empatie, onvervangbaar.

Vaardighede is die vermoë of kundighede waaroor 'n persoon beskik om 'n taak suksesvol uit te voer. Dit impliseer dat aksies of bewegings deur middel van herhaalde oefening plaasvind. Intellektuele prosesse maak 'n belangrike en integrale deel uit die proses.

Die voordeel daarvan is o.m.:
- Die leerling is aktief betrokke by die verwerwing van kennis.
- Die wyse waarop kennis verwerf word in alle vakke is eenvormig.
- Die leerling bepaal in 'n groot mate sy eie vordering.

Die klem val daarop dat die vaardighede ontwikkel moet word op 'n progressiewe wyse. Dié ontwikkelingsproses kan nie op 'n lukrake wyse plaasvind nie maar moet deeglik beplan word.

Daar kan twee hoofgroepe van vaardighede bepaal word, nl.: Leer en sosiale vaardighede. Onder laasgenoemde word onderskei tussen empatie, verhoudings tussen mense en positiewe gesindhede. Hierdie vaardighede is van kardinale belang, en moet daarom ontwikkel word, veral in 'n toekomstige multi-kulturele skoolopset.

Vaardighede is verder daarop gebaseer om die gehalte van bronne te evalueer asook om feite te bekom. Juis in die korrekte hantering van vaardighede sal die bestaande sieninge (selfs standpunte) oor spesifieke gebeurtenisse krities benader kan word. Daarom is dit 'n baie belangrike deel van die historiese proses om bestaande interpretasies te her-evalueer.

Empatie kan grootliks help om 'n gebeurtenis te rekonstrueer of anders gestel dit kan die ondersoeker help, "to make sense of the facts". Empatie beteken dus

## Sosiale vaardighede: empatie as voorbeeld

dat dit 'n interaksie tussen verbeelding en die rede is. Agter die opgetekende gebeurtenis is daar altyd beweegredes en gevoelens van individue soos ideale, wraaksug, vrees, ambisie, probleme ens. wat, indien jy dit opspoor en ervaar, jou kan help om die verlede "korrek" te rekonstrueer.

Ons almal is in ons eie liggaam vasgevang. Daarin het ons ons eie gedagtes, vrese en gevoelens wat niemand kan waarneem of sien nie. Maar soms, al kan jy nooit werklik iemand anders wees nie, kan jy weet hoe iemand anders voel. Jy weet dus hoe dit voel om in sy skoene te wees! Indien jy werklik die ander persoon/e se gevoelens kan deel sê ons dat jy empatie teenoor hom betoon. Ek glo dat dit een van die belangrikste redes vir onderrig van Geskiedenis behoort te wees dat kinders juis dit kan beleef.

Empatie is daarom belangrik in die bestudering van die verlede omdat jy daardeur in staat kan wees om jouself in die posisie van die individu, wat in die verlede geleef het, te plaas. Jy moet juis in staat wees om meer as net te kan beskryf hoe mense in die verlede geleef het. Die kind moet dus homself in ander mense se ondervinding kan plaas, dit wil sê "om hulle rolle oor te neem". Vir 'n oomblik of twee, moet die kind dus probeer om iemand anders te wees.

Empatie help ons om die verlede "van binne" te verstaan. Dit help ons om te verstaan waarom mense van die verlede op 'n spesifieke wyse opgetree het.

Soos bv.:

* Waarom is slawerny aan die Kaap toegelaat?
* Waarom is mense in die openbaar teregestel?
* Waarom het Sanmense soms hulle kinders in die woestyn agtergelaat?
* Waarom het boere op kommando gegaan om Sanmense te jag?
* Hoe het Jan van Riebeeck gevoel toe hy 'n leeu naby sy beeste gewaar het?
* Ens. ens.

Die kind (EN die onderwyser) kan slegs "antwoorde" verkry indien jy jou "eie wêreld" kan verlaat en dan weer terug na die verlede kan beweeg. Juis omdat leerlinge so verbeeldingryk is sal hy dit en sy ingebore nuuskierigheid goed kan inspan om empatie te kan toon.

Watter metode moet in die klaskamer gevolg word:

1. Empatie moet gebaseer wees op verbeeldingryke identifikasie met 'n gebeurtenis vanuit die verlede self. Jy moet dus oor 'n "gesonde" verbeelding beskik.

2. Empatie sonder goeie begrip is onmoontlik. Die kind moet dus geleer word om sy gesonde oordeel in te span. Hy moet daarmee die bestaande kennis van menslike gedrag (soos hy mense in die algemeen beleef) gebruik om die gestelde probleem te ontrafel. Bv. Jan van Riebeeck het ook tandpyn en maagpyn ondervind!

3. Daar moet egter ernstig gewaak word teen die gebruik van inligting (feite) wat onbekend was ten tye van die gebeurtenis. Daarom moet ons as moderne mense, werklik probeer om te vergeet hoe 'n historiese gebeurtenis werklik ontknoop is of afgeloop het.

   *Onthou:* vir die mens van die verlede was die gebeurtenis self mos nog die toekoms gewees. *Bv.* W.A. van der Stel het mos nie voor die tyd geweet dat daar 'n klagskrif aan die Here 17 oorhandig word nie!

4. Die mens se optrede moet altyd teen sy spesifieke agtergrond gesien en beoordeel word. Eers wanneer 'n gebeurtenis in sy totale konteks geplaas is, is begrip daarvoor moontlik. Die onderwyser sal dus in die opsig 'n baie belangrike rol speel.

   *Onthou:* Enige mens is altyd 'n kind van sy tyd!

5. Dit is noodsaaklik om van betroubare historiese inligting gebruik te maak. Sonder sulke inligting, is jy nie besig met die historiese metode nie – dan maak jy sommer net 'n feitlose storie op!!

6. Daar moet ook onthou word dat mense van die verlede, net soos vandag, verskillend optree in spesifieke omstandighede. Wat vir die een persoon onbelangrik of verkeerd was, was of is vir 'n ander belangrik of korrek. Juis daarom kan jy nie iets voorspel wat gaan gebeur nie.

7. Om histories te dink, beteken om oor die vermoë te beskik om jou terug in die verlede te kan verbeel. Verder is dit so dat om bostaande te bereik, behoort ons:

   * te besef dat vereenvoudiging noodsaaklik is;
   * tyd af te staan om die inhoud; verstaanbaar te maak in terme van die leerling se ervaring en
   * abstraksies en hoogs veralgemeende behandeling van leerinhoud vermy moet word.

   Daarom is dit noodsaaklik om in die "vroeë stadium", van die bepaling van empatie, daar nie te veel detail aan die leerling verskaf moet word nie.

   Gebeurtenisse moet dus minder ingewikkeld gemaak word vir kinders veral met hul eerste kennismaking van 'n spesifieke onderwerp.

   Ons moet aanvaar dat daar 'n probleem ontstaan in verband met die begrip van ingewikkelde gebeurtenisse. Daar is baie inligting beskikbaar, Piaget en ander, wat aantoon dat die meeste kinders en volwassenes nie samehangend kan dink in verband met ingewikkelde aangeleenthede. Dit is so dat die begripsvlak van sulke aangeleenthede definitief afwaarts neig na gelang van kinders se *ouderdom* en *ondervinding*.

## Sosiale vaardighede: empatie as voorbeeld

Gelukkig is egter ook so dat geskiedenis op alle vlakke, die beste aangebied word indien parallele getrek kan word met dit wat aan die kind in sy eie persoonlike lewe bekend is.

Indien die leerling aanvanklik korrek georiënteer word, kan hy later met gemak aan 'n massale hoeveelheid inhoud blootgestel word wat hy dan in die korrekte verband kan bestudeer.

8. Daar moet met sekerheid bepaal word of dit moontlik is om empatie in verband met 'n spesifieke aangeleentheid te bepaal as gevolg van die beskikbaarheid van relevante bronne. Byvoorbeeld: Dit is onmoontlik om presies te bepaal hoe Piet Retief gevoel het net voor hy gesterf het.
9. Die onderwyser sal moet vasstel of die leerling die empatie reg bepaal of aangevoel het.

Die onderwyser sal met bostaande as riglyne, moet bepaal oor watter vlak van detail en veral ingewikkeldheid hy sy leerlinge sal stimuleer en nie afskrif om verbeeldingryk te dink nie.

Dit lyk egter of die volgende as 'n algemene riglyn sal kan dien, nl.:

- minder werk moet afgehandel word maar
- meer gedetailleerde werk moet aangepak word wat deur die kind bemeester moet word.

Dit is moeilik om voorbeelde te verskaf omdat dit nie maklik in konteks geplaas kan word nie. Ek poog egter om voorbeelde te verskaf waarin die empatie moontlik raakgesien kan word sonder om al die konteksuele inhoud te verskaf.

Dit sal nodig wees om sekere agtergrondinligting te verskaf om sodoende anachronisme te verhoed. Dit wil sê om inligting uit te sluit wat nie bekend was toe die insident plaasgevind het nie. Hoe meer sulke oefeninge gedoen kan word hoe beter.


**BRONNE GERAADPLEEG:**


| | |
|---|---|
| Blyth, J. 1989 | *History in primary schools.* London. |
| Hall, P. 1991 | "Altitude Assessment : A Call for a new Approach". Ongepubliseerde R.G.N.-artikel. |
| History – Social Science Framework. July 1987 | *California State Board of Education.* Los Angeles. |
| History from 5 to 16. 1988. | Curriculum Matters II. *An HMI Series.* London. |
| History in the Primary and Secondary years. 1989. | *An HMI View.* London |
| Joubert, J.J. September 1990. | "Relevante beplanning is 'n noodsaaklikheid: Geskiedenis as 'n voorbeeld". *Ongepubliseerde referaat. Nasionale Vakdidaktieksimposium.* Stellenbosch. |
| Keefe, J.W. 1987. | *Learning Style Theory and Practice.* Virginia. |
| Knight, P. November 1990. | "A study of teaching and children's understanding of people in the past". *Research in Education.* London. |
| Medley, R. July 1989. | "Grasping the profiling nettle in History". *Teaching History.* Cambridge. |
| Portal, C. January 1990. | "Empathy". *Teaching History.* Cambridge. |
| Truman, P. January 1990. | "Teachers' concerns over the current vogue in Teaching History". *Teaching History.* Cambridge. |


**VOORBEELDE**

A. Neem 'n A-4 folio. Teken jou gesig in die middel daarvan. Teken daar rondom ten minste vyf gesigte van persoonlikhede waarvan jy in Geskiedenis geleer het waarmee jy empatie kan toon. Verduidelik jou redes waarom jy elkeen gekies het.

B. Jy kan korrekte of verkeerde antwoorde verskaf vir feitlike inligting. Kan jy "verkeerde" of "korrekte" empatie aanvoel?

C. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog (die eerste keer wat vliegtuie in 'n oorlog gebruik is) was die manier waarop bomme op die vyande gelos is baie "primitief". Beskryf hoe jy sou gevoel het as jy die bomme so moes hanteer het.



METHOD OF DROPPING AIR BOMBS FROM AN AEROPLANE.

## Sosiale vaardighede: empatie as voorbeeld

D. Beskryf hoe die gevangene moes voel.




GETTING USEFUL INFORMATION: QUESTIONING A GERMAN PRISONER


E. Gedurende November 1963 is die Amerikaanse President, John F. Kennedy, vermoor. Hier kniel sy vrou (J) en sy dogtertjie Caroline (C) by die kis van hul pa, wat in staatsie lê. S is 'n seesoldaat wat op wag is.

Beskryf elkeen van die drie persone se gevoelens.

Waarom is daar 'n verskil?




F.




± 1880.

'N DIAMANTSTORMLOOP BY LICHTENBURG.

Na iedere nuwe proklamasie is 'n stormloop georganiseer. Almal wat belanggestel het, het op 'n sekere plek byeengekom waar die proklamasie voorgelees is. Hierna is die afsetteken gegee met 'n vlag en die delwers het oopgelê vir die vale om die beste kleims af te pen. Van die ouer garde wat nie meer so los van lit as die jongeres was nie, het soms bekende atlete gehuur om namens hulle te hardloop. Dit het later 'n algemene praktyk geword.

G. Beskryf die gevoelens van so 'n jongman wat vir sy oom aan so 'n wedloop deelgeneem het.




STUDENTE-OPSTANDE IN PARYS IN 1969

## Sosiale vaardighede: empatie as voorbeeld

- Beskryf die gevoel wat die polisieman op die voorgrond beleef met die groot skare voor hom.
- En 'n student?

H.



The Discoverer of the Main reef

I George Walker discovered the Main reef in February 1886. George Harrison a mason and I Came from the Free State to the Witwatersrand and I went to work at the Messrs Struben & Sys on the Confidence reef. George Harrison was on his way to Pretoria to [illegible] for work & on the way he met Mr Hendrik Oosthuizen & arranged to build a house for him at Langlaagte. While he was building the house I left the Strubens to go and help him. While there doing so I strolled about one Sunday morning in February 1886 fell over & knocked off a bit of the outcrop of reef. Panned it and found it very rich in gold & told the owner of the farm Mr Willem Oosthuizen about it. On the monday I got a three months gratis prospecting contract from him, with right to prospect for another year for £60 and right to purchase the farm.

As Witness [illegible] G Walker

Beskryf die gevoelens i.v.m. die ontdekking van goud:
a) George Walker
b) Willem Oosthuizen

### Die lewe op 'n skip

In hierdie skepe (en ander net soos hulle) het die *mense* van die Kaapse eskader dan gewoon en gewerk. Dié bymekaarkomplek vir offisiere was die sg. offisiersbak, eintlik 'n soort afskorting van nagenoeg 35 by 18 voet in die agterste deel van die betrokke dek. Danksy hul baksubskripsies (wat soms meer as 50 persent van hul salaris beloop het) kon die offisiere hul skeepsrantsoene aansienlik aanvul en het hulle dan ook lekker geëet – en gedrink.[9]

Met die matrose het dit nie so voorspoedig gegaan nie. "Their floating home," vertel Lewis, "was of necessity cramped, apt to be chronically damp and . . unnecessarily filthy. Their diet was bad, their food and drink usually vile".[10] Geen wonder dus dat sicktes – veral skeerbuik, geelkoors, pokkies en tifus – die lewens van meer matrose geëis het as *enige* ander oorsaak.[11] Voeg hierby die rugbrekende arbeid onder die strengste dissipline en dikwels byna onhoudbare weerstoestande, dan word dit duidelik waarom drankmisbruik aan boord so algemeen was. Prof. Lewis beskuldig die owerhede trouens daarvan dat hulle dit oogluikend toegelaat het "as a means of doping the men into enduring the conditions".[12] Daarenteen moes die matrose, volgens 'n regulasie van 1790, 'n houtbordjie of dergelike "'shameful Badge of Distinction" dra as hulle vloek![13] Dat die manne boonop verbied is om te sing terwyl hulle die toue inhaal, was darem nie so onsinnig as wat dit klink nie; die rede daarvoor was dat die offisiere se bevele anders nie gehoor sou kon word nie.[14] Alles in ag genome verbaas dit 'n mens nietemin nie om te hoor dat, die strengste strawwe en voorsorgmaatreëls ten spyt, "men deserted in a steady stream".[15]

Toestande op die skepe van die Kaapse eskader was ongetwyfeld niks beter of slegter as die algemene beeld wat hier bo geskets is nie. Hier, nes oral anders, kon individuele kapteins egter veel doen om hul bemanning se lewe te veraangenaam, of andersom![16] 'n Goeie voorbeeld was die optrede van kapt. Charles Boyles van die *Rasionable* (64), wat van Junie 1797 tot November 1798 hier gestasioneer was. Volgens een van sy matrose, George Irwin, het die kaptein en sy offisiere toegesien dat die bemanning alle moontlike geriewe kry en dat die regulasies t.o.v. hul diensvoorwaardes stip nagekom word. Kapt. Boyles self "was more like a father to his crew than a commander".[17]

"Ons" matrose was ook niks beter (of slegter) as hul eweknieë elders in die Britse vloot nie. So vertel Roderick Innes, 'n soldaat van die 78e regiment wat in 1795 op die *Stately* (74) na die Kaap gekom het, dat hy en etlike ander hul drankrantsoene aan die matrose verkwansel het vir water; ander weer, het hulle s'n verkoop.[18] Dronkenskap onder die matrose het gevolglik so dikwels voorgekom dat die manne later gedwing is om elkeen sy doppie uit te drink by die vat waar dit uitgedeel is.[19]

Oudergewoonte het die Amerikaanse geronselde matroos Joshua Penny ook 'n stuiwer vir die armbeurs. Terwyl hy hier in die *Sceptre* gedien het, het hy op die 4e Junie met belangstelling opgemerk dat die Engelse matrose toegelaat word om dronk te word ter viering van George III se verjaardag. Op 4 Julie doen Penjny dus doodluiter by ene lt. Pigally aansoek "for liberty to get drunk". Die verontwaardigde offisier het hom voor die kaptein gejaag, maar kapt. Edwards het gelukkig so 'n humorsin gehad dat hy nie net Penny se reg om sy *land* se verjaardag te gedenk erken het nie, maar selfs wyn en brandewyn aan wal laat koop het "for me and my yankee mess to rejoice".[20]

In minstens een opsig het die "Kaapse matrose" darem 'n voorsprong op die meeste van hul makkers gehad. Die gesonde klimaat hier te lande het n. die sterftesyfer besonder laag gehou. Volgens Barrow was dit vir die Vloot selfs nog laer as vir die Leër, deels vanweë die koel luggie in die baai wat die somerhitte getemper het, maar origens ook omdat die matrose, met hul beperkte kanse om aan wal te kom, minder geleentheid gehad het "of committing irregularities".[21]

Van ongelukke kon die klimaat die manne darem nie vrywaar nie. Inteendeel, dit was juis die berugte Kaapse stormweer wat op 5 November 1799 die lewens van tien offisiere en 280 manskappe van die *Sceptre* geëis het.[22] Net mooi 'n jaar later, op 26 November 1800, het 'n kwaai suidooster weer die *Lancaster* se skeepsboot, met 23 man aan boord, in Tafelbaai laat omkantel. Gelukkig was daar genoeg helpers byderhand om lewensverlies te voorkom.[23] Die *Diomede* se bootsbemanning het dit egter nie so gelukkig getref nie. Toe hul boot op 'n Saterdagaand (7 Maart 1801) in Houtbaai op 'n rotsrif loop, is net twee man gered.[24]

Veral wanneer die skepe ter see was, was ernstige ongelukke aan boord iets alledaags.[25] Die volgende inskrywing in Hudson se dagboek lewer bewys van die immer aanwesige gevaar: "This day", skryf hy op 5 Januarie 1800, "an unfortunate accident happened on board the *Tremendous*, a charming boy midshipman fell from the fore rigging and was killed on the Spot".[26]

In Oktober 1797 het die matrose van die Kaapse eskader "amptelik" protes aangeteken teen hul lewensomstandighede met die reeds beskryfde muitery. Voorts moes die bevelvoerders deur die jare heen 'n nimmereindigende stryd voer teen drostery. Geoordeel aan die proklamasies wat indiensneming van drosters verbied, die pogings om verlooptes deur middel van amnestie-aanbiedinge terug te lok, die klagtes van ontstelde burgerlikes en die gereelde berigte oor manne wat aangekeer is, was drostery klaarblyklik 'n algemene verskynsel hier.[27] die meeste drosters het vroeër of later maar weer hul rieme styfgeloop. So bv. stuur landdros Van der Riet van Stellenbosch op 30 Julie 1797 vyf matrose in arres Kaap toe. Die klompie het in Simonsbaai 'n bootjie gesteel en daarmee die mond van die Steenbrasrivier gehaal. Die Admiraal het dadelik regeringshulp gevra – en enkele dae later is hulle vasgetrap.[28] Sommige van die manne, bv. Thomas Green van die *Stately*, het nietemin tot in Graaff-Reinet gevorder voor hulle aangekeer is.[29] En van dié wat heeltemal vrygekom het, vertel die manuskripte natuurlik nie. Hoewel hy tog uiteindelik vasgetrek is, bly Jacobus Loos (alias Piet Cramer) m.i. die kampioen-droster, want hy het dit reggekry om kort na mekaar uit sowel die Leër as die Vloot weg te loop![30]

Hier en daar kom interessante verwysings na oud-matrose voor. Joseph Saunders, wat sy ontslag uit die *Lancaster* gekry het, word kleremaker in kaapstad, terwyl John Kloppenberg (oud-*Jupiter*man) in mnre. Ross en Payne se warehuis gaan werk het.[31] Met ene Fraser,

# Sosiale vaardighede: empatie as voorbeeld

"who formerly belonged to the Navy", gaan dit minder goed. Sy oproerige gedrag bring mee dat hy in 1800 uit die Kolonie verban word.[32]

Ten spyte van die publisiteit wat aan hul optrede gegee is, was die drosters maar enkelinge. Hul makkers het deur die jare heen getrou voortgewerk. Hulle het behae daarin geskep om 'n buitgemaakte skip te help toerus en seewaardig maak,[33] dit selfs geniet om, as 'n groepie vreemdelinge aankom waar hulle hout kap vir hul skip, hul eie kos en drank met hulle te deel.[34] Maar, bowenal, as die ankers eers gelig is en die seile staan weer bol in die wind – dán was hulle werklik in hul element!

C.J. de Villiers, *Die Britse Vloot aan die Kaap – 1795-1803*

**Die Nuusbode** 6 APRIL 1798

## Muitery in Britse Vloot
## Matrose eis beter betaling

SPITHEAD, 30 Junie 1797. – Gedurende die afgelope drie maande is die Britse vloot deur ernstiger gevare as buitelandse vyande bedreig. Die skitterende sukses van sir John Jervis by St. Vincent teen 'n Spaanse vloot, wat twee maal so sterk as sy eie was, het getoon dat die Britse vloot teen buitelandse vyande hul man kan staan. Op daardie 17de dag van Februarie het "Old Jack", soos sy matrose die een-en-sestigjarige bevelvoerder noem, die Spaanse vloot op die vlug geja en vier groot skepe buitgemaak.

"Old Jack" het 'n groot deel van die sukses van daardie dag aan een van sy kapteins, Horatio Nelson, toegeskryf. Nelson het met die kleinste tweedekker in die Britse vloot, die grootste skip in die Spaanse vloot en vier ander verhinder om hulle by die res van die vloot te voeg. Toe sy eie skip lendelam was, het hy en sy bemanning dit reggekry om deur 'n venstertjie van 'n groot Spaanse driedekker te klim en die skip te verower! Geen wonder dat hy die held van daardie dag was nie!

Presies twee maande na hierdie gedenkwaardige oorwinning het die kapteins van die Britse vloot met 'n baie ernstiger probleem te doen gekry. Die bemannings van sestien oorlogskepe het geweier om uit te vaar voor hulle nie beter betaal word nie. Die matrose het beweer dat 19/-per maand te min betaling is. Gedurende honderd jaar is hulle loon nie verhoog nie! Die lewe het oneindig baie duurder geword. Terwyl hulle hul lewe vir hul land waag, verhonger hul vroue en kinders op land. Nelson beskou hul eis as billik, maar die Britse Parlement, wat met groot tekorte te kampe het, het geen aandag aan die petisie van die matrose gesken nie. Op al die skepe van die Britse vloot in die tuishawens het die matrose die rooi vlag gehys en hul eis gestel. Baie van hul eise is so billik dat dit toegestaan kon word. Net by Nore, aan die mond van die Teems, was Richard Parker en die belhamels onder die muiters nie gewillig om die opstand te staak nie. Hulle het gedreig om na Amerika of Ierland te gaan met hul skepe. Die bemannings het egter geweier om hul leiers te volg en op 15 deser is die opstand ook hier beëindig. Vandag is Richard Parker aan die nok van die ra van sy skip die *Sandwich* opgehang. Agt-en-vyftig ander is ter dood veroordeel, maar net agt-en-twintig doodvonnisse sal voltrek word. Aan driehonderd van die vierhonderd-en-twaalf belhamels is kwytskelding van straf verleen.

A.J. Boësehen, *Die Nuusbode.*

Maak gebruik van al die beskikbare dokumente (*En* lees meer i.v.m. die onderwerp in *Kennis, Kinderensiklopedie e.a.).*

*Onderwerp:* Die lewe van 'n Matroos.

Jy is 'n verslaggewer vir 'n koerant. Stel 'n verslag op waarin die volgende aspekte gedek word:

1. Voordele om 'n matroos te wees.
2. Nadele om 'n matroos te wees.
3. Was Britse matrose gelukkig gewees?